NMI TOYOTA

Inligting en Toernooi reëls rakende die wedstryde

- Elke deelnemende skool se 1ste- en 2de span neem deel.
- Twee volledige spanne van 30 plus maksimum van 8 reserwes, word genooi.
- Beide die 1ste- en 2de span van ‘n Suid skool, (bv Paarl Gimnasium), speel teen ‘n Noord skool se 1ste- en 2de span (bv Garsfontein).
- Elke span sal 2 wedstryde speel soos bepaal deur die organiseerders.
- Noord spanne speel slegs teen Suid spanne. Twee rusdae na die eerste dag se wedstryde, met die uitsondering van een of twee 2de span wedstryde.
- 1ste span wedstryde is 35 minute aan ‘n kant (“running time”).
- Indien daar ‘n ernstige besering is sal die tyd gestop word, die skeidsregter en die tydhouer moet konsensus oor die oorblywende tyd he. Die skeidsregter bly nogsteeds die alleen regter van tyd.
- 8 reserwes word toegelaat op die toernooi vir 1ste spanne, waarvan 2 voorrye en ‘n haker verpligtend is. Indien daar by die tweede wedstryd Maandag/Dinsdag slegs 1 gesonde voorry op die bank is, mag die span slegs 7 reserwes he.
- Spelers mag slegs reserwes wees vir die 1ste span, as hulle ‘n volle 40 minute vir die 2de span gespeel het
- ‘n Vergunning word gemaak vir ‘n maksimum van 3 spelers wat nie 40 minute hoef te speel of te begin het by die 2de span nie. Die rede vir 3 spelers is indien die 5de voorry, 3de haker en 3de skrumskakel geroteer word in hul 2de span wedstryd, kan skole nogsteeds hul 2de beste speler op die bank sit vir die 1ste span.
- Geen “squad sisteem” word toegelaat nie
- Neem asb ook die nuwe skool reëls in ag rakende die “rolling subs” wat nou van toepassing is, waar slegs 12 “rolling subs”/veranderinge toegelaat word. Indien daar reeds “12 rolling subs”/veranderinge gemaak is en ‘n voorry of haker kry seer mag daar ‘n uitsondering gemaak word deur nog ‘n verandering te maak (dws tot en met 15, indien al 2 voorrye en haker beseer raak)
- 2de span wedstryde is 30 minute aan ‘n kant (“running time”).
- 2de span wedstryde kan tot ‘n maksimum van 8 reserwes hê
- Indien skole beserings opdoen in hul eerste wedstryde wat hulle onderduk sit om 3 voorrye en 2 hakers in hul tweede wedstryd te hê by die 2de spanne, kan skole gedurende die wedstryd of die wedstryd ingaan met “uncontested” skrums. Die skeidsregter en die 2 afrigters van die verskillende spanne moet hier konsensus bereik, maar ons versoek dat daar in goeie sportmangees opgetree sal word.

NMI TOYOTA

Geel en Rooi kaarte

- 1ste spanne se **geel kaarte** sal 10 minute (running time) wees en 2de spanne sal 5 minute (running time) wees.
- Indien ‘n speler ‘n **rooi kaart** ontvang sal die volgende reëls geld……
  1ste spanne se **rooi kaarte** sal 15 minute wees en 2de spanne se **rooi kaarte** sal 10 minute wees, daarna moet speler vervang word deur ‘n reserwe.
  Indien al die reserwes alreeds op die veld en “substitutions” alreeds gemaak is mag iemand wat alreeds afgehaal is weer teruggaan.
- Die speler word dan oorgelaat aan sy skool se interne dissiplinêre proses.
- Indien skool na interne dissiplinêre proses voel speler moet nogsteeds die volgende wedstryd speel sal NMI Toyota Noord Suid Rugbytoernooi nie ‘n probleem hê daarmee nie.

Vriendelike versoek

Ek weet meeste skole doen dit reeds, maar wil graag van NMI Toyota Noord Suid Rugbytoernooi se kant die afrigters aanmoedig om elke speler ten minste een begin te gee of minimum van ten minste 15 min per wedstryd. Hierdie is veral moontlik by die 2de spanne. Dit skep gelukkige kinders en ouers, asook ‘n gesonde toernooi omgewing.